# 98 Ek is deur God verkore







Ek is deur God verkore Mariakind te wees;
in al sy wonderwerke kan ek ‘n boodskap lees;
die lelies fluister saggies: “Bewaar die reinheid trou,”
die sterre straal die boodskap: “Maria, waak oor jou!”

Ek is deur God verkore Mariakind te wees;
roep my die Moeder huis toe, dan gaan ek sonder vrees;
sag teen haar hart verberg ek my sterwend aangesig,
dan troos sy my en neem my op in die eindloos lig.

Onbekend Onbekend